# SAAMPRAATPAPIER PSALM 130

15 Julie 2012

Ons is almal deel van ’n gebroke wêreld. Al wens ons soms ons kon onsself isoleer van hierdie wêreld, kan ons ongelukkig nie. Elkeen van ons beleef van tyd tot tyd in ons lewens ’n “diepte-tyd”. Dit is tye wat dit voel of die druk net té veel raak, dinge handuit ruk, alles donker voel en ons op moed-verloor se stoep gaan sit. Dit is iets wat die psalmdigter in Psalm 130 ook beleef het toe hy dit geskryf het. Die psalmdigter besef ook dat sy eie sonde (en die sondige natuur van die totale mensdom) in baie gevalle juis die gevolg is tot hierdie gevoel van donkerte.

Vra iemand in die groep om Psa. 130 hardop te lees. Daarna kan elkeen dit self 2 of 3 keer rustig deurlees. Gesels dan saam oor die volgende punte. *As die Heilige Gees besluit om die gesprek ’n ander rigting in te stuur, val daarby in.*

1. Kom ons raak kreatief – skep in die groep ’n visuele gedagte-prentjie van hoe dit lyk waar die psalmdigter hier skryf. Dit sal jul help om regtig die prag en boodskap van die teks beter te ervaar. Probeer in die skoene van die digter staan. Wat sien hy? Hoekom voel hy soos hy voel? Kan jy met hom assosieer?

2. Omrede ons as *omgee*groep bymekaar is, kan ons ook oor die volgende praat: Wat is die “*donker diepte”* op hierdie stadium in jou lewe? Voel dit of die Here hoor as jy Hom roep?

3. Vers 5 vertel dat die digter sy “vertroue in die Here plaas”. Hoe leef mens as iemand wat se vertroue in die Here geanker is? (M.a.w.: Hoe lyk so persoon?)

4. Vers 6 praat van die wagte wat in die Ooste inkyk en “op die môre (oggend) wag”. Wat dink jul het dit in daardie tyd beteken en wat beteken dit vir jul vandag? Hoe leef mens as iemand wat op “die môre”[1] wag?

5. Indien daar tyd oor is, lees weer deur die Psalm en gesels oor enige iets anders wat jul aanraak.

*Mag jy beleef dat die Here getrou is en ons keer op keer uit die donker dieptes van ons lewens haal. Koos Dup het geskryf: “…elke keer het ek verdwaal, maar elke keer het U my iewers kom haal.”*

*Mag dit waar wees in jou lewe ook.*

---

[1] Hierdie is nie die *dagboek* se “môre” nie, maar moet meer in die lig van God se ingrype gesien word. Vir die antieke Jode het alle goeie dinge (insluitend die son/lig) uit die Ooste gekom. Die hedendaagse Westerse samelewing oriënteer hulself volgens Noord, maar die Jode van ouds het dit volgens die Ooste gedoen. Daarom moes bv. die tempel ook na die Ooste gerig wees.